1Pt2:24).

• Hy het gekom om sondaars te *regverdig* en hulle in terme van God se geregtigheid vir die ewige lewe te laat kwalifiseer (nie net om dit *moontlik te maak nie*) (Rm 5:8-9; 1Kor 1:30; 2Kor 5:21).

• *Hy het gekom sodat sondaars gereinig kan word* (nie net om dit moontlik te maak nie) (Ef 5:25-26; Tit 2:14; Hb 9:14).

• Hy het gekom om sondaars met God te *versoen* (nie net om dit moontlik te maak nie) (Rm 5:10; 2Kor 5:18-19; Ef 2:15-16; Kol 1:21-22; 1Pt 3:18).

❑ Rm 8:31-39 onderstreep die waarheid van volkome versoening ook duidelik. In hierdie gedeelte word 2 keer na die dood van Christus verwys (v.32 en 34).

• Van wie praat die apostel in v.31? Sonder twyfel van diegene in v.28-30. Die vertroosting geld dus nie vir alle mense nie, maar net vir die uitverkorenes. En wie is dan die "almal" in v.32, vir wie se redding Christus oorgegee is? Dis onmiskenbaar steeds dieselfde groep mense.

Let verder daarop dat die gawe van "al die ander dinge" (v.32b) ook vanuit die kruis vloei.

• In v.33-34 is daar weer 'n onverbreekbare verband tussen die "uitverkorenes" en Christus se sterwe. Hulle kan nie beskuldig of veroordeel word nie, omdat Christus nie net vir hulle gesterf en *opgewek is nie, maar ook vir hulle intree.*

• Presies omdat hulle Plaasvervanger alles gedoen het om hulle redding te verseker, kan niks hulle van Sy liefde skei nie (v.35-39). Watter liefde? Sekerlik tog die liefde wat daarin tot uitdrukking gekom *het dat Hy Homself vir hulle oorgegee het* (v.32).

❑ Die Nuwe Testament leer deurgaans dat hulle vir wie Christus gesterf het, ook sáám met Hom gesterf het (Rm 6:3-11; 2Kor 5:14-15; Ef 2:4-6; Kol 3:3). Nog meer, bg. Skrifgedeeltes leer dat almal wat *saam met Hom gesterf het, ook saam met Hom opgestáán het - tot* 'n





nuwe lewe.

Die gevolgtrekking is duidelik: diegene vir wie Christus *gesterf* het sterf nie slegs almal vir sonde nie, hulle staan ook op tot 'n nuwe lewe van geregtigheid. *Allermins kan dit van alle mense gesê word.*

❑ In Christus se hoëpriesterlike gebed sluit Hy uitdruklik die ongelowiges uit (Jh 17:9). Het Hy Sy lewe afgelê vir mense vir wie Hy nie bereid was om te bid nie?

## ENKELE *PROBLEME*

❑ Talle uitsprake in die Skrif rig die evangelie-aanbod ongekwalifiseerd tot alle mense. Baie glo dit impliseer noodwendig 'n universele versoening. Dit is nie waar nie. Maar ons sal die kwessie later aanspreek. Intussen is dit net nodig om ondubbelsinnig te stel dat ons nooit, maar nooit die oop en opregte evangelie-aanbod en -appél mag verwaarloos nie. Dis 'n heerlike Bybelse waarheid, dis ons gewigtige verantwoordelikheid, en dit is weer en weer deur sowel die Here Jesus as die apostels tot mense gerig - sonder onderskeid.

❑ Daar is twee klasse Skrifuitsprake wat van Christus se versoeningswerk in *algemene terme* praat.

Verskeie tekste bevat die woord "wêreld", bv. Jh 1:9,29; 3:16-17; 4:24; 2Kor 5:19; 1Jh 2:1-2; 4:14. Ander tekste bevat die woord "almal" (Rm 5:18; 2Kor 5:14-15; 1Tm 2:4-6; Hb 2:9; 2Pt 3:9).

• Een rede waarom hierdie begrippe gebruik is, is die valse idee wat voortdurend in Nuwe Testamentiese tye kop uitgesteek het, nl. dat redding net vir die Jode is. Uitdrukkings soos "die wêreld", "alle nasies" ens. is daarom deur die Here en die apostels gebruik om hierdie dwaling reg te stel. Wat die Nuwe Testament dus baie sterk wil beklemtoon, is die waarheid dat Christus vir álle soorte, vir almal *sonder onderskeid* gesterf het (vir Jood én Griek, ryk én arm, belangrik én onbelangrik). Dit beteken egter nie dat Hy vir almal *sonder uitsondering* gesterf het nie.

• Die omvang van die begrippe "wêreld" en "almal" moet dus

vanuit die konteks bepaal word. Vergelyk bv. Jh 12:19,32; Rm 5:17-19; 11:11-12.

• Meermale is dit ook voor die hand liggend, as die konteks gelees word, dat die "almal" vir wie die Here Jesus gekom het, die volle getal van die uitverkorenes is. Vergelyk bv. Hb 2:9. Verse10,11,12 en 13 laat geen twyfel nie - elke keer word *daar* op 'n onmiskenbare manier na die uitverkorenes verwys.

❑ Dan is daar Skrifuitsprake wat die redding van mense en die wil van God met mekaar in verband bring. Die Bybel praat op 3 maniere van God se wil.

• Male sonder tal word na Sy *verordeningswil* verwys. Dit dui op daardie wil van God waarvolgens Hy Sy raadsbesluite tot stand bring. Dit staan onvoorwaardelik vas, en geen mens kan dit verander nie.

• Nog meer dikwels word van Sy *voorgeskrewe wil* gepraat. Dit verwys na Sy opdragte aan die mens, Sy wette. Dit word voortdurend deur die mens verbreek.

• Enkele kere word daar van Sy *voorkeurwil* gepraat. Dit dui op die dinge waarin Hy 'n behae het.

M.b.t. ons onderwerp is daar 3 Skrifgedeeltes in hierdie kategorie: Eseg 18:23, 32; 33:*11* (die OAV is akkurater vertaal) *en* 1Tm 2:4 en 2Pt 3:9. Hier openbaar die Here, enersyds, dat Hy 'n welbehae daarin het as sondaars hulle bekeer en gered word (vgl. ook Lk 15:7,10 en konteks) en, andersyds, dat Hy geen vreugde put uit die dood van 'n sondaar nie. Sekerlik beteken dit nie dat Hy niemand met die dood sal straf nie. Elke keer gaan dit immers in die konteks oor Sy oproepe tot bekering ten einde Sy toorn te ontkom.

'n Eenvoudige vergelyking los die *probleem* op: Geen regter geniet dit om 'n moordenaar ter dood te veroordeel nie. In hierdie sin is dit nie sy wil nie. Tog doen hy dit met beslistheid as geregtigheid dit vereis.

## SLOTSOM

❑ Die vraag wat ons in hierdie hoofstuk beantwoord het, is: *Wat was*





*God se dóél met die koms van Christus na hierdie wêreld toe, en besonderlik met Sy dood?* Sonder twyfel antwoord die Here Jesus self, en ook die res van die Nuwe Testament, dat Hy ter wille van die uitverkorenes gekom het. Hy het gekom om alles te doen wat vir hulle redding nodig was. En wie verstaan hóé radikaal die verdorwenheid van die gevalle mens is, sal begryp dat Hy inderdaad *álles* moes kom doen.

❑ Die siening van Christus se versoeningswerk soos ons dit in hierdie hoofstuk voorhou, word dikwels fel gekritiseer. Daar word aangevoer dat hierdie leer afbreuk doen aan die wonder en grootsheid van Christus se versoeningswerk - dat dit van Hom 'n mindere Verlosser maak as wat Hy inderdaad is. Só eenvoudig is dit egter nie.

• Christus se versoeningswerk is per definisie *beperk.*
Tensy alle mense gered word (en geen Bybelgelowige glo dit nie, ook nie die tipiese Arminiaan[12] nie), is 'n *onbeperkte* versoening nie moontlik nie. As mens in jou beskouing die omvang, oftewel die reikwydte daarvan universaliseer, moet jy noodwendig die *effektiwiteit* daarvan beperk. Dan sê jy Christus se middelaarswerk was vir alle mense bedoel, maar ongelukkig bewerkstellig dit nie almal se redding nie - dit het beperkte effektiwiteit. Daarenteen leer die Skrif dat die *gerigtheid*, en dus die reikwydte van die versoening inderdaad beperk is, maar dat die effektiwiteit daarvan onfeilbaar is.

• C.H. Spurgeon het dit kostelik gestel - min of meer só: Stel jou voor dat Christus 'n brug oor die kloof tussen die dood en die lewe kom bou het. Dan is die Arminiaan se brug wyd genoeg vir die hele wêreld, maar dit loop net *halfpad* - want die mens is self vir die res van die pad verantwoordelik. Daarenteen is die Bybel se brug wel smaller, *maar hy loop al die pad!*

• As die Arminiaanse beskouing dan die effektiwiteit van Christus se versoening beperk, waarin lê *die* beperking spesifiek?

As Christus vir elke mens gesterf het, beteken dit noodwendig dat

12 Eenvoudig gestel, iemand wat glo dat Christus net die moontlikheid tot redding (vir alle mense) daargestel het, maar dat dit uiteindelik van die mens afhang of hy hierdie genade-aanbod wil aanvaar of nie.

Hy nie vir elke sónde van elke mens gesterf het nie - want soveel gaan dan nog verlore. Aangesien die Nuwe Testament oor en oor leer dat daar net een voorwaarde vir redding is, nl. geloof in Christus, moet die Arminiaan noodwendig konkludeer *dat die Here nie vir die sonde van ongeloof gesterf het nie.*

Hoe duur betaal die Arminiaan nie vir sy aandrang daarop dat die mens die finale seggenskap moet hê nie! Hoe ironies, hoe tragies is Sy boodskap nie: *Die mens se grootste sonde is nie deur die Verlosser aangespreek nie!* Vir alle sonde is ten duurste voorsiening gemaak, behalwe vir die laaste skakel! So naby en tog so ver!

*Arminianisme verkondig 'n Christus wat so graag almal wou kom red, maar uiteindelik niemand regtig kon red nie.* Die bepalende stap berus immers by die mens. Genadiglik is daar darem diegene wat Christus aanneem - anders kon Sy hele sending op 'n totale mislukking uitgeloop het!

• Bogenoemde is nie onnodige en venynige sarkasme nie. Wat gebeur so dikwels vandag in die wêreld van evangelisasie? Is die Christus wat verkondig word nie dikwels hoed-in-die-hand nie? Pleit Hy nie by sondaars om Hom tog asseblief aan te neem nie? Dien dit om Hom te verheerlik en groot te maak in die oë van mense?

En wat van die die verkoopsman-tegnieke wat die evangelie so skreiend kan afwater? As alles uiteindelik van die mens afhang, en hy ten alle koste sover gekry moet word om die Here aan te neem, lê dit mos voor die hand dat net die blink kant van Christenskap aan 'n ongelowige wêreld voorgehou sal word - soos dit inderwaarheid so dikwels gebeur. Maar dis nie hoe Jesus dit gedoen het nie. Soos alle ware Christene weet, behels dissipelskap die dra van 'n kruis. Van die goedkoop beloftes van mensgesentreerde evangeliste kom dus selde iets tereg. En as dinge dan nie vir die bekeerlinge so gaaf uitwerk nie, verval baie van hulle in 'n ontnugtering wat hulle effektief teen alle verdere evangelie-oproepe immuniseer.

❑ As die Skrif die versoeningswerk van Christus tot die uitverkorenes beperk, verseker dit ons juis van die *onfeilbare effektiwiteit* daarvan. Christus het nie net die redding van alle sondaars kom moontlik maak nie - sonder om die redding van selfs een te verseker nie. Nee, Hy het die redding van een en elkeen van die dermiljoene uitverkorenes kom





verseker. Vanuit Sy middelaarswerk en Goddelike krag vloei "alles ... wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien" (2Pet 1:3).

Watter Christen wat wéét dat die Here op sy lewe beslag gelê het, sal so 'n heerlike en vertroostende waarheid verruil vir 'n halfgebakte, mens-gesentreerde lering - vir 'n *halwe brug*?

❑ Let op dat die Bybel nie leer dat die *waarde* van Christus se versoeningswerk beperk is nie; dis die *gerigtheid* daarvan wat beperk is. Omdat Hy as ware God en sondelose mens gesterf het, is die waarde daarvan onmeetlik en onbeperk. As sodanig sou dit inderdaad vir die verlossing van alle mense kon betaal. Maar, hoewel 'n veel groter prys vir die uitverkorenes betaal is as wat hulle werd is, is nét hulle gekoop - volledig, onbevraagtekenbaar, onomkeerbaar!

## 'N LAASTE PERSPEKTIEF

❑ As Jesus Christus dan net vir die uitverkorenes gesterf het, het dit 'n verdere implikasie wat ons nie moet miskyk nie.

Die ongelowiges óm ons kan dalk nog wegkom met die verontskuldiging dat hulle geen aandeel gehad het in Golgota nie. Ten diepste het Christus immers nie vir húlle gesterf nie.

Maar as ek en jy dan glo dat ons inderdaad deur die Vader aan Sy Seun toevertrou is, moet ons eenvoudig die feit vierkantig in die oë kyk dat ons méér verantwoordelik is vir die grootste misdaad van alle tye as selfs die Jode en hulle trawante van destyds. Húlle was immers nie uitverkorenes nie. Ja, hulle was die instrumente. Maar ek en jy - as ons dan inderdaad uitverkorenes is - was die oorsaak! Dis vir óns wat Hy gekruisig is. *Waarlik, die uitverkiesingsleer lei nie tot hooghartige arrogansie nie; inteendeel!*

Horatius Bonar (1808-1889), die prins van Skotse *hymn writers* het dit so verwoord:

"Twas I that shed the sacred blood;
I nailed Him to the tree;
I crucified the Christ of God;
I joined the mockery."

# DIE VERWERKLIKING VAN GENADE

## Lewendmakende roeping





Elke Persoon van die Goddelike Drie-eenheid speel 'n wesentlike rol in die redding van sondaars. Soos gesien, het die Vader hulle voor die grondlegging van die aarde uitverkies en hulle aan die Seun as Sy mense, Sy bruid gegee. En in die volheid van die tyd het die Seun na die wêreld gekom en hulle redding vasgemaak deur die regsbasis daarvoor te lê.

❑ Maar hierdie twee groot handelinge voltooi nie God se verlossingswerk nie. Sy vernuwende werk is dan nog uitstaande. Dit gebeur in elke uitverkorene se lewe as die Gees volgens die Vader se wil en ewige verlossingsplan die voordele van die Seun se versoeningswerk kom verwerklik.

- Nie 'n enkele persoon vir wie Christus gesterf het sal oorgeslaan word nie. God sal redding in elke uitverkorene se lewe realiseer - elkeen op sy eie unieke tyd en wyse.

- Dis hierdie werk van God deur Sy Gees waarna ons nou moet kyk. In die algemeen word hierna verwys as Sy *wederbarende werk*, oftewel Sy *besondere of effektiewe of lewendmakende roeping*.

### GOD SE WONDERLIKE WERKSWYSE IN DIE LEWENDMAKENDE ROEPING

❑ *Wanneer God 'n persoon tot lewe bring, werk Hy as 'n reël nie onmiddelik nie (sonder middele of instrumente), maar middelik (met middele of instrumente).*

In Rm 10:13-17 verduidelik die apostel hoe dit werk: "... want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? ... *Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor*, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus."

Hier is duidelik sprake van drie instrumente wat gesamentlik 'n rol speel in die lewendmakende roeping van 'n uitverkore sondaar: eerstens *is daar 'n dissipel (of dissipels) wat as 'n gesant optree;*

*tweedens is daar die evangeliewoord wat deur hom gedra word; derdens is daar so 'n dissipel se gesagvolle verkondiging of prediking.*[13]

• Die Nuwe Testament bevat 'n paar hoogs betekenisvolle Skrifuitsprake in hierdie verband.

~ 1Kor 1:21: Dit behaag God om deur die dwaasheid van die *prediking* die wat glo te red.

~ 1Pt 1:23: Mense word wedergebore uit die *lewende Woord* van God.

~ Jk 1:18: Mense word tot die lewe gebring deur die *Woord van die waarheid*.

~ 2Ts 2:14: Die Tessalonisense is geroep deur die *evangelie* wat aan hulle verkondig is.

■ Eerstens gebruik die Here Sy dissipels as instrumente om mense wat nog geestelik verstorwe is tot lewe te bring.

Dit kan sonder twyfel aangetoon word dat die "groter werke" (OAV) wat volgens Jesus deur Sy dissipels gedoen sou word, presies slaan op hierdie heerlike taak wat tot vandag toe op hulle rus (Jh 14:12). Dis waarom waarom Hy hulle in die groot opdrag beveel om die evangelie aan die nasies te gaan verkondig (Mt 28:18-20). Dis waarom Paulus homself en sy broeders "medewerkers" van God noem (1Kor 3:9). Dis waarom die vroeë kerk, en in die besonder dié wat daarvoor afgesonder is, onvermoeid en bykans uitsluitlik besig was met evangelieverkondiging.

■ Tweedens gebruik die Here die evangeliewoord (2Ts 2:14). In Jh 17:20 bid Hy vir diegene wat deur die apostels se woord (enkelvoud, en dus kennelik die evangelie) tot geloof sal kom.

• In Rm 1:16 word die evangelie 'n "krag van God tot redding"

13. Die woord wat in v.14 en 15 met "preek" vertaal word, is die Griekse werkwoord, *kerusso* - wat van gesagvolle proklamering, of preding praat.





genoem. Die evangelie is dus meer as inligting - *dis 'n krag!* En dis nie 'n geringe krag nie, want dis die krag waardeur God sondaars red. Ook in 1Kor 1:18 word die evangelie 'n krag genoem.

Soveel is nodig om 'n sondaar vanuit geestelike dood te laat lewe, dat Paulus in Ef 1:19-20 sê dis dieselfde krag waarmee die Seun uit die dood opgewek is. Elkeen wat wedergebore is, is 'n wandelende wonderwerk!

• Die sentrale inhoud van hierdie evangelie is die boodskap oor Christus (Rm 10:17).[14] Paulus is dan ook baie beslis daaroor dat sy prediking Christusgesentreerd is. In 1Kor 2:2 skryf hy: "Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus , en wel oor Hom as die gekruisigde." En dit was nie maar 'n bepaalde strategie wat hy net in Korinte wou volg nie, want 'n klompie verse vroeër skryf hy in algemene terme oor die apostels se prediking, dat dit die gekruisigde Christus as inhoud het (1Kor 1:21-24).

■ Derdens gebruik die Here prediking. In 1Kor 1:21 is dit die evangelie wat *gepreek, verkondig, geproklameer* word. Nooit durf ons die krag van die selfgelese Woord onderskat nie. Maar niemand kan die Nuwe Testament lees, of die geskiedenis van die kerk bestudeer, sonder om onder die indruk te kom dat God veral gesagvolle proklamering van die evangelie gebruik in die redding van mense nie.

• Dis egter nie enige prediking nie. Dit moet die *waarheidswoord* wees (Jk 1:18). Nooit ooit sal die Gees die leuen gebruik nie. Daarbenewens moet dit die *lewende* Woord wees (1Pt 1:23). Prediking is nie bloot die emosielose lewering van 'n lesing nie. Daar moet hartstog in sit.

Die groot Amerikaanse prediker, Al Martin, sê tong in die kies dat jy nie gepreek het as jy nie agterna jou hemp moet uitdroog nie. En die ou Puritein, Richard Baxter, skryf: "I preach as never sure to preach again - as a dying man to dying men."

14. Die OAV en NAV se weergawes van Rm 10:17b verskil. Dit het te doen met die oorspronklike Griekse tekste wat gebruik is. Die NAV kan as korrek aanvaar word.

## DIE EFFEK VAN DIE EVANGELIE

❑ Die Nuwe Testament is vol daarvan: die lewende verkondiging van die waarheidsevangelie het 'n lewensveranderende effek: *mense word geroep en wedergebore.*

❑ "Roeping" is 'n besondere woord in die Nuwe Testament - 'n tegniese begrip. Dit is baie amper 'n sinoniem van wedergeboorte, maar nie heeltemal nie. As roeping dit is wat die Heilige Gees doen as 'n sondaar aanvanklik gered word, is wedergeboorte dit wat as gevolg daarvan in so 'n persoon gebeur.

Die Bybel praat op twee maniere van roeping.

- Eerstens is daar die *algemene roeping*. Dis ons taak en gebeur wanneer die evangelie aan alle mense verkondig word - wanneer mense voor die voet opgeroep word om na Christus toe te kom, ongeag of ons meen hulle sal aanvaar of nie.

Die uitspraak van Jesus dat baie geroep word, maar dat min uitverkies is, verwys na hierdie roeping (Mt 20:16, 22:14). Ook praat meer as een van die Here Jesus se gelykenisse hieroor. 'n Koning wat 'n bruilofsfees berei het (Mt 22:1-14) en 'n man wat 'n groot maaltyd gegee het (Lk 14:15-24) stuur slawe uit om mense oraloor te gaan uitnooi - maar nie almal aanvaar die uitnodiging nie; trouens, meeste nie.

- Tweedens is daar die *besondere roeping*. Dit gebeur wanneer God deur die Heilige Gees en deur die evangelie herskeppend in 'n persoon se diepste wese inspreek. Dit is dus 'n innerlike, effektiewe, skeppingskragtige en lewendmakende roeping. Hierdie is amper die uitsluitlike gebruik van die begrip in die Nuwe Testament (vgl. o.a. Rm 1:6-7; 8:28-30; 9:23-24; 1Kor 1:1,2,9,24,26; Gl 1:15-16; Ef 4:4; 2Tm 1:8-9; Hb 9:15; Jud 1; 1Pt 1:15; 2:9; 5:10; 2Pt 1:3,10; Op 17:14).

Soos ons dus roep (in die algemeen), so laat God deur die Heilige Gees die uitverkorenes, wie se oomblik van redding aangebreek het, se geestelike ore oopgaan - sodat die evangelie hulle harte kan deurpriem.

- Ons *getuig*; die Heilige Gees *oortuig*!





❑ Omdat die besondere roeping 'n soewereine werk van God is, kan dit nooit uiteindelik misluk nie. Dis immers gerig op die uitverkorenes (net op hulle, maar inderdaad op hulle almal), en nooit sal die Almagtige en Alwetende toelaat dat een van hulle - een van diegene vir wie die Here Jesus gesterf het - in die dood agterbly nie. Hieruit volg ten minste drie waarhede:

- *Die besondere roeping is onfeilbaar.* God maak immers die dode lewend en roep dit wat nie bestaan nie asof dit wel bestaan (Rm 4:17, OAV).

- *Die besondere roeping kan nooit enduit en suksesvol weerstaan word nie.* Dit word wel dikwels weerstaan, dikwels baie intens, dikwels vir 'n lang tyd - maar uiteidelik sal elkeen op wie die Here se Gees beslag lê, moet kapituleer.

Dis waarom soms, in respek gesê, van die Gees as die Bloedhond van God gepraat word - uiteindelik haal Hy wel sy prooi in en trek hom plat.

- *Die besondere roeping is onomkeerbaar.* Niks maak dit duideliker as Rm 8:28-30 en volgende verse nie.

❑ Talle Skrifgedeeltes het dit oor die besondere roeping, onder meer:

- Hd 16:14 beskryf dit: Die Here "open" Lidia se hart om ag te gee op wat Paulus sê (OAV is meer letterlik).

- Insiggewend is 2Tm 1:9. 'n Paar belangrike waarhede oor besondere roeping kom hier na vore:

  - Dit is 'n roeping tot *redding*.
  - Dit is 'n roeping tot 'n *heilige lewe* - 'n lewe toegewy aan God.
  - Dit is 'n roeping volgens 'n *bepaalde plan*. Daar sit niks toevalligs of arbitrêrs in nie. Dit geskied volgens God se voorneme.

~ Dit geskied na aanleiding van God se *ewige* voorneme. Wanneer iemand tot geestelike lewe kom, is dit die uitvloeisel van God se besluit voor die grondlegging van die aarde.

~ Dit is 'n uitvloeisel van God se *genade*. Dit geskied nie na aanleiding van enige voorafgaande verdienste of goeie werke aan die geroepene se kant nie.

~ Dit geskied in verbondenheid met *Jesus Christus* en op grond van Sy versoeningswerk.

- 'n Vergelyking van Hd 2:37 en 7:54 is besonder sprekend. Nie alle Geesvervulde prediking lei tot bekering nie. Wat dit wel doen, is om mense in hulle harte te tref - en dan te vermurwe of te verhard.

~ Op die Pinksterdag word baie van Petrus se hoorders "diep in die hart getref" (OAV). Die betrokke werkwoord is 'n verintensifeerde vorm van *om te steek*. Die mense se harte is dus *deurboor* - en hulle kom onder die Geesvervulde prediking tot bekering.

~ Stefanus se prediking is ewe Geesvervuld (Hd 6:5; 7:55). Maar sy hoorders kners in hulle woede op hul tande, verwerp die evangelie en vermoor die prediker. Die bepaalde werkwoord in v.54 dui weer op 'n intense innerlike en emosionele impak: *hulle harte is dwarsdeur gesaag* (lett.).

❑ In Eseg 37:1-14 sien die profeet 'n gesig wat vooruitwys op God se ontsagwekkende roepingswerk in die toekoms. Soos in die geval van die meeste profesieë, is hier ook sprake van 'n meervoudige vervulling. Die "hele Israel" (v.11) dui in die eerste instansie op die terugbring van die Joodse ballinge en verstrooides. Maar sekerlik is dit ook van toepassing op die versameling van die uitverkorenes vanuit alle nasies in die laaste dae (die bedeling tussen die eerste en die wederkoms van Christus) - om saam met die geredde Jode God se nuwe olyfboom te word (Rm 11:11-24).

Esegiël verteenwoordig alle komende *profete* - diegene wat God se Woord verkondig. Dit geld natuurlik van alle Nuwe Testamentiese gelowiges, maar in die besonder van hulle vir wie die Here as predikers





roep en toerus.

- Let op die verskriklike doodsheid van die bene. Net 'n Goddelike wonderwerk kan hulle weer tot lewe bring!

- Die werkwoord wat 'n stuk of sewe keer in hierdie gedeelte gebruik word en met "profeteer" (OAV) vertaal word, beteken letterlik om te roep.

- Die Heilige Gees, God se wind', alleen kan lewe bring, en daarom moet die profeet tot Hom roep (v.9). Esegiël moet met ander woorde bid dat die Heilige Gees die nodige lewe kom wek.

- As die Gees dan kom, kom 'n baie groot menigte tot lewe (v.10).

- Die belofte in v.12-14 toon duidelik dat hier van meer as bloot 'n fisiese en geografiese insameling sprake is. Dooies sal lewend gemaak word!

- Die bevoorregtes se lewens sal ingrypend geraak word. Die Heilige Gees sal in hulle kom woon en hulle sal die Here ken (vgl. 36:24-28). Tipies dui hierdie soort profesieë op die nuwe verbond.

| |
|---|
| *Die evangelie is die krag van God. Ons moet dit aan almal verkondig. En soos ons dit doen - in waarheid en in die volheid van die Gees - kan ons verwag om geestelik dooies tot lewe te sien kom.* |

**DIE WEDERGEBOORTE**

❑ As die Heilige Gees se besondere, lewendmakende roeping in 'n geestelik dooie werk, gebeur daar uiteraard iets geweldigs in so 'n persoon. Dis wat die Nuwe Testament die *wedergeboorte* noem. As *roeping* die klem laat val op wat die Here deur Sy Gees doen, beklemtoon *wedergeboorte* dit wat in die betrokke persoon gebeur.

Wedergeboorte is dus die begin van bewustelike, ervaarbare en waarneembare Christenskap.

NB ❑ Jh 1:12-13 onderstreep wedergeboorte as 'n Goddelike inisiatief. Terwyl dit noodsaaklik is dat elke sondaar Christus persoonlik en bewustelik *aanneem* (soos die Bybel dit kwalifiseer), mag niemand daaroor twyfel dat dit 'n uitvloeisel van God se herskeppende werk is nie.

• In die voorafgaande verse beskryf die apostel hoe die mense van hierdie wêreld Jesus Christus, die vleesgeworde Woord, verwerp. Daarenteen is daar tóg diegene wat Hom "aanneem" (v.12) en sodoende kinders van God word. Hulle neem Hom aan, omdat hulle "in Sy Naam glo". En hulle glo in Hom, omdat hulle 'n wonderlike geboorte ondergaan het. Dis nie 'n natuurlike geboorte nie, nie 'n geboorte uit die mens nie, maar 'n "geboorte uit God". Hiermee sê Johannes dat, ten einde gered te word, dit noodsaaklik is om Jesus Christus as die vleesgeworde Woord aan te neem. Dit is uiteraard iets wat die méns doen - ervaarbaar en waarneembaar. Hy gaan egter verder en sê dat so 'n persoon daartoe in staat gestel word deur 'n bonatuurlike geboorte - en dit is iets wat God doen.

Dit is dus duidelik: die oorsprong van daardie eerste handelinge van die mens, wat hom 'n kind van God laat word en as Christen kenmerk, lê ten diepste in 'n werk van God self. En hierdie werk van God noem Johannes 'n "geboorte uit God", oftewel die wedergeboorte - wat op sy beurt die gevolg is van die besondere roeping.

❑ Jesus se naggesprek met Nikodemus in Joh 3 gee nog 'n paar belangrike perspektiewe op die wedergeboorte.

• Eerstens beklemtoon Hy die noodsaak daarvan ten einde die koninkryk van God binne te gaan. Vers 7 moet nie as 'n bevel verstaan word nie, asof die mens sy eie wedergeboorte kan bewerkstellig. Jesus praat van die noodsaak: dit is nodig om wedergebore te word ten einde gered te word. Dit onderstreep 'n waarheid wat regdeur die Skrif as vanselfsprekend aanvaar word: alle Christene is wedergebore en alle wedergeborenes is Christene.

• Tweedens gee Jesus antwoord op die vraag waarom die wedergeboorte dan so noodsaaklik is. Dit is noodsaaklik omdat die mens self magteloos is om die koninkryk in te gaan - hy "kan nie" (v.3,





5). Waarom kan hy nie? Die Here gee twee antwoorde.

~ Enersyds kan hy nie die koninkryk "sien" nie (v.3). Hoe kan iemand ingaan deur "die Deur" (Jh 10:7, 9) as hy Hom nie sien nie? Elders leer die Skrif dat die natuurlike mens se nood selfs erger is. Hy is nie net blind nie, hy leef ook in duisternis (Ef 5:8, 11; Kol 1:13). Is daar 'n erger duisternis as blindheid in donkerte?

~ Andersyds is die natuurlike mens "vlees" (v.6). Dit beteken dat hy nog in Adam is, dat hy nog deel van die gevalle en sondegeneigde mensheid is. Vir diesulkes is daar geen plek in 'n heilige God se koninkryk van geregtigheid nie.

Net 'n nuwe geboorte kan iemand bevry van 'n Adamserfenis wat soos 'n reuse rotsblok om sy nek vasgeketting is en hom die dieptes insleep!

• Derdens openbaar Jesus iets van die aard van die wedergeboorte. Dis 'n geboorte "uit water en Gees" (v.5). Dis 'n geboorte wat die Heilige Gees bewerkstellig. Maar waarop sinspeel die water? Daar is meer opinies, maar dit word algemeen aanvaar (na aanleiding van Skrifgedeeltes soos Tit 3:5, Ef 5:26 en Eseg 36:24-27) dat dit hier oor reiniging gaan. Só sou Nikodemus dit na alle waarskynlikheid verstaan het. As Joodse skrifgeleerde sou Esegiël 36 baie na aan sy hart gelê het.

❑ Laasgenoemde hoofstuk is een van die duidelikste Ou Testamentiese gedeeltes oor die aard en rykdomme van die Nuwe Verbond. Die twee elemente van Joh 3:5 kom *hier ook* sterk na vore. In v.25 belowe God dat Hy Sy volk met water van hulle sonde sal reinig en in v.27 belowe Hy die groot gawe van die eindtyd, die Heilige Gees.

Tussen hierdie twee beloftes is 'n vers wat van die allergrootste belang is. Vers 26 belowe 'n "nuwe hart" - een van vleis wat die ou hart van klip vervang. Die Bybelse begrip "hart" dui op die sentrum van 'n mens se persoonlikheid. Dit is dus die *beheerkamer* wat sy hele lewe bepaal (Spreuke 4:23).

• Die gevalle mens se probleem, soos gesien, is sy verdorwe hart. Elke mens leef immers onder die dwang van sy eie hart. Wat in sy

hart aangaan, dit is hy.

'n Hartsverandering sal dus onvermydelik 'n gedragsverandering meebring. So sal die Here "maak" dat ons volgens Sy voorskrifte leef (Eseg 36:27). In Jer 31 word 'n ander beeld gebruik om dieselfde belofte te dra: Hy sal Sy wette op mense se harte skryf (v.33).

- Esegiël 36 se ou hart is van klip. Dit is dood vir die Here en Sy dinge. Dit is koud en hard, dus belangeloos en gevoelloos teenoor God, Sy eer, Sy wil en Sy Koninkryk. Die nuwe hart, daarenteen, is van vleis. Dit is lewend vir die Here en Sy dinge. Dit is warm en sag, dus ywerig en vormbaar met betrekking tot God, Sy eer en Sy koninkryk.

- Hierdie hartsverandering bring dus 'n nuwe lewensbeginsel, 'n nuwe geaardheid, 'n nuwe geneigdheid, 'n nuwe ingesteldheid. Dit bring nuwe prioriteite, nuwe ambisies, nuwe verlangens, nuwe hartstogte. Daarom bring dit 'n totaal nuwe lewe - 'n lewe wat gedring word deur die begeerte om God Drie-enig te ken, om soos Hy te word en om baie vrug tot eer van Sy Naam te dra.

Esegiël 36 belowe die wedergeboorte!

> Wedergeboorte in 'n persoon se lewe is God se soewereine en diep-ingrypende lewendmakende werk deur Sy Heilige Gees, waardeur so 'n persoon verander word vanuit 'n toestand van geestelike dood (en 'n gevolglik God-vermydende hartsgesteldheid) tot 'n toestand van geestelike lewe (en 'n gevolglik God-soekende hartsgesteldheid).

❑ Die eerste brief van Johannes handel uitvoerig oor die vrug - en dus merktekens - van wedergeboorte (vgl. OAV). Kortliks kom dit hierop neer: geloof in Jesus Christus (5:1); 'n bekeerde en bekerende lewe (3:9; 2:29); liefde vir God en die gemeente (4:7; 3:14-18); oorwinning oor die suigkragte van die wêreld (5:4); heilige geloofsvolharding tot die einde toe (5:18).

5:1





# DIE INSTANDHOUDING VAN GENADE

## Volharding van die heiliges

In hierdie hoofstuk kyk ons na die leerstuk van *die volharding van die heiliges*. Vanuit dit wat ons reeds behandel het, volg dit eintlik logies en onontkombaar dat God se uitverkorenes, diegene vir wie Christus plaasvervangend gesterf het, diegene op wie die Here herskeppend beslag gelê het, sekerlik deur God se genade in stand gehou en deurgedra sal word.

• Duideliker as in Rm 8:28-30 kan dit beswaarlik gestel word. Die hele reddingsproses, oftewel die heilsorde, soos dit vanuit die ewige verlede tot in die ewige toekoms in strek, is volmaak geïntegreerd - dis 'n onverbreekbare ketting van onderskeibare, maar onskeibare komponente.

• Tog lyk dit ewe onontkombaar dat ervaring, waarneming, Bybelse geskiedenis en sekere Skrifuitsprake die teendeel leer. Wat moet mens dan van die waarskuwings in die Hebreërboek maak (vgl. bv. Hb 6:4-6)? Wat van Jh 15:2, 6? Wat van 2Pt 2:20-22? Wat van die gelykenis van die saaier?

❑ Om die Skrifwaarheid van die volharding van die heiliges reg te verstaan, is dit allereers nodig om te begryp wat dit nie is nie.

• Dit beteken nie dat elkeen wat die Here sogenaamd aanneem, wat geloof bely en deur 'n gemeente as lidmaat aanvaar word, verseker kan wees van die ewige lewe nie. Per slot van rekening het die Here Jesus oor en oor teen so 'n naïewe aanname gewaarsku (vgl. Mt 7:21-23; 24-27; 13:24-30; 25:1-13; Mk 4:3-9; 14-20; Jh 2:23-25). Dis waarom Hy ook meermale die noodsaak van volharding beklemtoon het (Mt 10:22; 24:13; Jh 8:31-32). *Die finale toets vir ware geloof, is volharding tot die einde toe.*

• Die ingrypende en omvangryke invloed van vals geloof op 'n lewe mag nie onderskat word nie. Ware en vals geloof lyk verraderlik eenders. Dit is, trouens, skokkend om in die Skrif te sien tot watter mate die Heilige Gees in en deur mense kan werk - alles duskant Sy wederbarende werk.

~ Voor die storm van God se oordeel lyk geestelike huise





dikwels presies dieselfde (Mt 7:24-27).

~ Koring en onkruid lyk soms so eenders dat die verskil eers te laat gesien word (Mt 13:24-30).

~ Tien meisies ontvang 'n uitnodiging na 'n bruilofsmaal. Al tien neem dit aan, al tien wag vir die Bruidegom - net vyf word ingelaat (Mt 25:1-13).

~ Twee mense se geloof lyk presies eenders. Eers na verloop van tyd (dit kan jare wees) blyk dit dat die een s'n 'n namaaksel was. Want sonder wortel swig dit onder vervolging of word dit deur die verleidinge van hierdie wêreld verswelg (Mk 4:3-9; 14-20).

~ Ware geloof verlustig hom in Christus alleen; vals geloof is dikwels koorsagtig opgewonde oor Hom (Jh 2:23-25).

~ Ware geloof word gewerk deur die Gees; vals geloof kan gepaard gaan met uitsonderlike innerlike en verligtende werkinge - ook van die Gees (Hb 6:4-6).

~ Ware geloof breek los uit die greep van hierdie wêreld se besmettinge; vals geloof kan dit ook vir 'n tyd lank doen (2Pt 2:20-22).

• *Eenmaal gered, altyd gered*, soos die meeste mense dit waarskynlik verstaan, is onbybels. Hoe word dit algemeen verstaan? Mense glo dat die blote "aanneem van Jesus" - formule-agtig en as menslike inisiatief - jou saligheid verseker, ongeag jou toewyding en gehoorsaamheid aan Christus daarna. Jy het jóú kant gebring; Hy is as 't ware verplig om jou nou te red.

Hierdie is dus 'n mensgesentreerde benadering, terwyl die leerstuk van volharding volledig Godgesentreerd is.

❑ Waarom is dit onwaar om te sê die gelowige is veilig, ongeag of hy heilig leef of nie? Die antwoord is eenvoudig: geloof en sonde loop per definisie nie saam nie. *Volgens die Skrif loop volhardende heiligmaking en gehoorsaamheid saam met geloof.*

Dit is nie moeilik om te verstaan nie. Ware geloof, soos gesien, is